info@aanlegtoetse.co.za www.aanlegtoetse.co.za

Geagte Graad 7 – ouer

**LEES ASB DEEGLIK DEUR**

Hiermee die inligting aangaande die aanleg-en belangstellings-evaluasie wat op u kind gedoen is. Geliewe die gegewens as **streng vertroulik** te beskou.

Die doel van die ondersoek is nie om u kind tè vroeg in 'n sekere rigting te giet nie, maar om u solank bewus te maak van belangrike faktore wat 'n rol speel wanneer u skool- of vakkeuses maak.

Die evaluasie bestaan hoofsaaklik uit twee gedeeltes naamlik die aanlegte, en die belangstellings. Die aanlegtoets is 'n **hoë-vlak akademiese** battery en beslis nie 'n maklike toets nie. Hierdeur word sterkpunte of moontlike probleemareas wat u kind in die toekoms kan beperk, geïdentifiseer. Indien daar 'n probleemarea na vore kom het u en u kind darem nog tyd om daaraan te werk voordat u kind weer vakke moet kies vir Gr.10. Indien u dan die probleemareas reeds probeer aanspreek het, sonder sukses, moet u vanaf Graad 9 geleidelik begin om u kind se toekomsaspirasies daarvolgens aan te pas.

Die belangstellingsbattery gee weer 'n idéé van u kind se voor- of afkeure vir spesifieke rigtings. Die doel hiervan is om te sien hoe konstant of veranderlik u kind is ten opsigte van sy/haar belangstellings oor 'n periode van twee jaar (tussen Graad 7 en Graad 9 ). Dit stel ons in staat om 'n meer verantwoordelike aanbeveling te maak ten opsigte van die neem, of nie-neem, van vakke vir gr. 10. Die aanbeveling berus dan op twéé evaluasies en nie net één, soos wanneer u kind nét in gr. 9 getoets word vir vakkeuses nie. Met die volgende toetsing in gr. 9 word die ses wye belangstellingsrigtings van hierdie evaluasie ook verfyn tot agtien meer spesifieke rigtings. Ons probeer op hierdie stadium om u kind se **hoogste drie belangstellings** by sy Graad 8 vakkeuse in te sluit (indien vakke gekies moet word). Hou egter ook in gedagte dat **rekenaarvaardigheid** waarskynlik 'n belangrike rol sal speel in u kind se toekoms.

Die aanbevelings in hierdie verslag is nie voorskriftelik nie. U word egter aangeraai om die inligting wat uit die ondersoek verkry is, aan te wend wanneer u en u kind hierdie besluite neem.

U kind se volledige inligting word in ons data-basis gestoor vir verdere begeleiding wat in die toekoms benodig mag word. Die volgende evaluasie word in Graad 9 gedoen wanneer daar meer spesifiek op beroepsmoontlikhede gefokus word. Vir meer inligting aangaande die evaluasies in Graad 9 kan u ons webwerf www.aanlegtoetse.co.za besoek waar alle inligting verskyn en waar besprekings gemaak kan word.

Ons wens u en u kind alles van die mooiste toe vir sy/haar hoërskooltoetrede. Indien u enige verdere inligting verlang kan u 'n sms stuur na 0828050736 met u kind se naam, van, skool én klas of 'n e-pos na info@aanlegtoetse.co.za sodat die sielkundige u kan skakel met die nodige inligting byderhand.

Vriendelike groete

Naam van sielkundige

# Graad 7 Skool- en vakkeuse oriëntering

## 1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE


| | |
|---|---|
| NAAM | : XXXX |
| GEBOORTEDATUM | : XXXX |
| OUDERDOM | : XXXX |
| SKOOL | : Laerskool XXXXX |
| ONDERSOEKDATUM | : XXXX |

## 2. MEDIA INGESKAKEL

Biografiese vraelys
Differensiële Aanlegtoets
Belangstellingsvraelyste

## 3. RESULTATE

### 3.1. AANLEGBEELD




**Puntwaarde**

| | |
|---|---|
| 9 | Baie hoog |
| 7-8 | Hoog |
| 4-6 | Gemiddeld |
| 2-3 | Laag |
| 1 | Baie laag |

**Leerling se aanlegvelde:**

| | |
|---|---|
| Akademies | : 8.00 |
| Handel | : 7.00 |
| Tegnies | : 7.25 |

**Algemene Vermoë:**
Baie hoog

XXXX het die beste presteer in die items Verbale Redenering, Berekeninge en Geheue. Dit dui op sy vermoë tot logiese redenering en probleemoplossing, sy vermoë om 'n verskeidenheid wiskundige bewerkings akkuraat uit te voer en sy vermoë om leesinhoude na `n tydperk sinvol te kan herroep. Al XXXX se aanlegte is egter hoog. Hy beskik oor 'n gevorderde woordeskat wat nogal seldsaam is. XXXX beskik waarskynlik oor 'n XXX algemene intellektuele vermoë.

## 3.2. AANVULLENDE WISKUNDE EVALUASIE

Die Wechsler Individual Achievement test (wiskundige Bewerkings) is ’n internasionale gestandaardiseerde toetsbattery wat addisioneel versoek kan word.

Volgens die DAT - Berekeninge item is XXXX se wiskunde vaardigheid egter voldoende en is **aanvullende evaluasie nie nodig nie**.

## 3.3. BELANGSTELLINGSBEELD

Die belangstellingsprofiel gee 'n idee aangaande XXXX se voorlopige belangstellingsgeneigdheid wat gelys word in orde van voorkeur:

| | |
|---|---|
| 1 | Kuns en kultuur |
| 2 | Ondernemend |
| 3 | Sosiaal |
| 4 | Wetenskappe |
| 5 | Data-manipulasie |
| 6 | Tegnies |

XXXX toon die sterkste voorkeur vir die uitlewing van sy kreatiwiteit in `n vrye omgewing met aktiwiteite soos kuns, **musiek, taal of drama**. Hy is waarskynlik verbeeldingryk en kan skoonheid waardeer. Hy het ook 'n sterk voorliefde om ondernemend op te tree **deur ander persone te lei, te oorreed, of te beïnvloed** soos in 'n besigheid-omgewing. Hy sal dus daarvan hou om leierskap-vaardighede te ontwikkel. Hy toon verder 'n voorkeur om met mense (of diere) te werk - om hulle op **te lei, te help, of te versorg**. Persone met hierdie voorkeur hou gewoonlik daarvan om interpersoonlike vaardighede te ontwikkel.

Hy noem voorlopig dat hy 'n xxxx, xxxx of xxxx wil word.

## 3.4. PERSOONLIKE OF EMOSIONELE AANDUIDINGS

Vir insae in sekere persoonlike kwessies kan XXXX se onvoltooide sinne bestudeer word.

Aiden kom as XXXXX

## 4. OPMERKINGS

Word deur sielkundige self ingevul

## 5. AANBEVELINGS

SKOOLKEUSE

Algemene skool: Verpligte leerareas ( Tale, Wiskunde, Wetenskappe, Kuns & Kultuur, Tegnologie ens. ) word steeds aangebied. Bykomende keusevakke is slegs by sekere hoërskole beskikbaar.

KEUSEVAKKE

Word deur sielkundige self ingevul

HER-EVALUERING

Her-evaluering in Graad 9 met die oog op vakkeuse vir Graad 10-12. Dit dien as monitering van sy ontwikkeling oor 'n periode van twee jaar.

XXXXX

Sielkundige